



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls Potchefstroomkampus

Fees Payable & Financial Rules Potchefstroom Campus

2011

**Fiansiële Administrasie: Inkomste
Financial Administration: Revenue**

Inhoudsopgawe / Table of Contents

Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2011 / Fees Payable & Financial Rules 2011

The English table of contents follows after the Afrikaans

1	ALGEMENE BEPALINGS	4
1.1	WYSIGING VAN UNIVERSITEITSGELDE	4
1.2	UNIVERSITEITSNOMMER	4
1.3	FINANSIËLE AANSPREEKLIKHEID	4
1.4	VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N STUDENT	4
1.5	AMPTELIKE ADRESSE	5
1.6	VRYWARING	5
1.7	WEBADRES	5
2	BETAALBARE GELDE	5
2.1	NAVRAE	5
2.2	BEDRAE BETAALBAAR	6
2.2.1	Aansoekgelde	6
2.2.2	Registrasiegeld	6
2.2.3	Klasgeld	6
2.2.4	Losiesgeld	6
2.2.5	Ander gelde	6
2.2.6	Internet gelde	7
2.2.7	Eterekening	7
2.2.8	Maksimum klasgeldtydperke	7
2.2.9	Verkeersboetes	8
2.2.10	Verlies of beskadiging van biblioteekmateriaal	8
2.3	BETALINGSVOORWAARDES	8
2.3.1	Betalingsopsies	8
2.3.2	Minimum eerste betaling	8
2.3.3	Uitstel vir betaling van minimum eerste betalings	9
2.3.4	Vereffening van universiteitsrekening	9
2.3.5	Vroeëbetaling-korting	9
2.3.6	Personeelafslag	10
2.3.7	Kredietbedrae op 'n universiteitsrekening	10
2.3.8	Verantwoordelikheid vir nakoming van betalingsvoorwaardes	10
2.3.9	Nie-nakoming van betalingsvoorwaardes	10
3	KANSELLASIE OF WYSIGING VAN STUDIE	11
3.1	PROSES BY KANSELLASIE VAN STUDIE	11
3.2	BETAALBARE GELDE BY KANSELLASIE VAN STUDIE	11
3.3	VOORTGESETTE AANSPREEKLIKHEID BY SKORSING	11
3.4	BETAALBARE GELDE BY WYSIGING VAN MODULES	11
3.5	OOREENGEKOME ONDERBREKING VAN NAGRAADSE STUDIES	12
3.6	AFSTERWE VAN INGESKREWE STUDENT	12
4	KOSHUISE	12
4.1	AANSOEK OM TOELATING TOT 'N KOSHUIS	12
4.2	KOSHUISKANSELLASIE	12

4.2.1	Terugbetaling van losiesdeposito aan nuwe studente.....	12
4.2.2	Terugbetaling van losiesdeposito aan senior studente	12
4.2.3	Terugbetaling van losiesgeld	12
5	UNIVERSITEITSKAART.....	13
5.1	TOEGANGSFUNKSIE.....	13
5.2	ETEFUNKSIE	13
5.3	ETEGELD-BETALINGSOPSIES	13
5.4	ANDER GEBRUIKE	13
5.5	VOORWAARDES VIR GEBRUIK.....	13
6	LOSIESGELDE.....	14
7	ANDER GELDE	14
8	FINANSIËLE STEUN	16
8.1	AKADEMIESE BEURSE	16
8.2	LEIERSKAPSBEURS & KUNS- EN KULTUURBEURSE.....	16
8.3	ONDERSTEUNINGSBEURSE.....	16
8.4	NSFAS-BEURS-LENINGSKEMA.....	16
8.5	FUNZA LUSHAKA-BEURSPROGRAM	17
8.6	SPORTBEURSE.....	17
8.7	NWU-PUK-ALUMNILENINGSFONDS.....	17
8.8	BEURSE VANAF INSTANSIES BUIE DIE UNIVERSITEIT	17
8.9	KREDIETSALDO'S	17
8.10	ALGEMEEN.....	18
8.11	EDU-LOAN	18
1	GENERAL CONDITIONS	19
1.1	CHANGES IN UNIVERSITY FEES	19
1.2	UNIVERSITY NUMBER.....	19
1.3	FINANCIAL LIABILITY	19
1.4	RESPONSIBILITY OF A STUDENT	19
1.5	OFFICIAL ADDRESSES	20
1.6	INDEMNITY	20
1.7	WEB ADDRESS	20
2	FEES PAYABLE.....	20
2.1	ENQUIRIES	20
2.2	AMOUNTS PAYABLE.....	20
2.2.1	Application fee	20
2.2.2	Registration fee.....	21
2.2.3	Tuition fees	21
2.2.4	Boarding fees.....	21
2.2.5	Other fees	21
2.2.6	Internet services.....	21
2.2.7	Meals account.....	21
2.2.8	Maximum tuition fee periods.....	22
2.2.9	Traffic fines	22

2.2.10	Loss of or damage to Library material	22
2.3	CONDITIONS OF PAYMENT.....	23
2.3.1	Payment options	23
2.3.2	Minimum first payment.....	23
2.3.3	Postponement for payment of minimum first payments	24
2.3.4	Payment of University account	24
2.3.5	Early settlement discount.....	24
2.3.6	Staff discount	24
2.3.7	Credit amounts on a University account.....	24
2.3.8	Responsibility for compliance with conditions of payment.....	25
2.3.9	Failure to comply with the conditions of payment.....	25
3	CANCELLATION OR CHANGING OF STUDY.....	26
3.1	PROCESS UPON CANCELLATION OF STUDY	26
3.2	FEES PAYABLE UPON CANCELLATION OF STUDY	26
3.3	CONTINUED LIABILITY UPON EXPELSION	26
3.4	FEES PAYABLE UPON CHANGING OF MODULES	26
3.5	AGREED SUSPENSION OF POSTGRADUATE STUDIES.....	26
3.6	DEATH OF A REGISTERED STUDENT	26
4	RESIDENCES	26
4.1	APPLICATION FOR ADMISSION TO A RESIDENCE.....	27
4.2	RESIDENCE CANCELLATION	27
4.2.1	Refund of boarding deposit to new students	27
4.2.2	Refund of boarding deposit to senior students	27
4.2.3	Refunding of boarding fee	27
5	UNIVERSITY CARD	27
5.1	ADMISSION FUNCTION	27
5.2	MEAL FUNCTION	27
5.3	MEALS PAYMENT OPTIONS	28
5.4	OTHER USAGE.....	28
5.5	CONDITIONS FOR USE	28
6	RESIDENCE FEES.....	28
7	OTHER FEES	29
8	FINANCIAL SUPPORT.....	31
8.1	ACADEMIC BURSARIES	31
8.2	LEADERSHIP BURSARY & ARTS AND CULTURE BURSARIES.....	31
8.3	SUPPORT BURSARIES	31
8.4	NSFAS BURSARY-LOAN SCHEME	31
8.5	FUNZA LUSHAKA BURSARY PROGRAMME	31
8.6	SPORTS BURSARIES	31
8.7	NWU PUK ALUMNI LOAN FUND	31
8.8	BURSARIES FROM INSTITUTIONS OUTSIDE THE UNIVERSITY	32
8.9	CREDIT BALANCES.....	32
8.10	GENERAL	32
8.11	EDU-LOAN	32



Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2011

1 ALGEMENE BEPALINGS

1.1 WYSIGING VAN UNIVERSITEITSGELDE

Die Raad van die Noordwes-Universiteit behou hom die reg voor om sonder kennisgewing die vasgestelde klas-, losies- en ander gelde, asook die wyse waarop betaling moet geskied, te wysig.

1.2 UNIVERSITEITSNOMMER

Elke toegelate student tot die Noordwes-Universiteit ontvang 'n universiteitsnommer. Studente moet daarop let dat hulle nie net as 'n nommer beskou word nie, **MAAR** hierdie universiteitsnommer moet op **alle** korrespondensie wat aan die Universiteit gerig word, verskyn.

Hierdie **8-syfer-universiteitsnommer** is ook die enigste verwysing wat gebruik moet word by **direkte bank- of elektroniese inbetalings** in die Universiteit se bankrekening vir 'n student se rekening ten opsigte van klas-, losies en ander gelde of kontant vir etes.

1.3 FINANSIËLE AANSPREEKLIKHEID

Alle studente moet jaarliks geregistreer wees soos bepaal in die Algemene Akademiese reëls, die Statuut van die Noordwes-Universiteit en die toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys.

'n Student wat geregistreer is, is aanspreeklik vir die volle jaar se klas-, losies- en ander gelde.

U word daarop gewys dat die kontrak wat deel vorm van die aansoek om toelating tot die Noordwes-Universiteit en deur die student en/of borg/medeskuldenaar onderteken is, die student onder andere verbind tot die betaling van die volle klas-, losies- en ander gelde soos deur die Universiteit vir enige bepaalde jaar van registrasie vasgestel word. Verder word die student se aanspreeklikheid vir die betaling van universiteitsgelde nie geraak of verminder deur die student en/of sy borg/medeskuldenaar se onkunde ten opsigte van die reëls en regulasies van die Noordwes-Universiteit nie, of die ongeldigheid van sy inskrywing ooreenkomstig daardie reëls en regulasies nie.

Deur ondertekening en indiening van die registrasievorm word die bepalings van hierdie reglement deur verwysing by die kontrak tussen die Universiteit en die student geïnkorporeer en aanvaar die student verantwoordelikheid vir die betaling van alle voorgeskrewe gelde (of 'n rekening ontvang word al dan nie) soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel.

Enige bedrag wat aan die Universiteit van tyd tot tyd deur die student verskuldig en betaalbaar is ooreenkomstig die Universiteit se finansiële reglement soos gepubliseer in die brosjure getiteld "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls", sal vasgestel en bewys word deur middel van 'n saldosertifikaat uitgereik en onderteken deur 'n gemagtigde amptenaar van die Universiteit. So 'n sertifikaat sal bindend wees op die student en sal dien as *prima facie*-bewys van die aanspreeklikheid van die student en die omvang en verskuldigdhed van sodanige bedrag, deur die student aan die Universiteit, en hierdie sal sertifikaat ook dien as *prima facie*-bewys van die student se aanspreeklikheid, verskuldigdhed en omvang van die bedrag aan die Universiteit vir doeleindes van die verkryging van summiere vonnis.

'n Student sal nie toegelaat word om te registreer alvorens die vorige jaar of jare se finansiële verpligtinge teenoor die Universiteit nagekom is nie.

Finansiële steun is in bepaalde gevalle ingevolge die regulasies van die Noordwes-Universiteit beskikbaar (sien punt 3).

1.4 VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N STUDENT

Die verantwoordelikheid vir die betaling van die klas-, losies- en ander gelde berus by die student en/of alternatiewelik die student se borg/medeskuldenaar, na gelang van die geval. Indien die student se Universiteitstudies deur 'n beurs of lening gefinansier word, moet die rekening onverwyld aan die beurs- of leninggewer vir betaling voorgelê word. Die Universiteit is nie verantwoordelik daarvoor om rekenings aan

die beurs- of leninggewer te stuur nie. Dit bly die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat die beurs- of leninggewer die nodige betalings maak aan die Universiteit.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe adresse as gevolg waarvan rekeningstate wat versend is, verlore raak nie. Die verantwoordelikheid berus by die student om navraag te doen indien hy/sy nie rekenings ontvang nie. Adresveranderings moet gedoen word by Akademiese Administrasie wat bereikbaar is by (018) 299 4201.

Die feit dat 'n rekeningstaat nie ontvang is nie, word nie as verskoning aanvaar vir die versuim om Universiteitsgelde te betaal nie.

1.5 AMPTELIKE ADRESSE

Rig korrespondensie aan die Universiteit vir die volgende persone se aandag:

Akademiese aangeleenthede:

Die Direkteur
Akademiese Administrasie
Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
Faks: (018) 299 4381

Finansiële aangeleenthede:

Die Afdelingshoof & Senior Rekenmeester
Finansiële Administrasie: Inkomste
Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
Faks: (018) 293 5383

Beurse & lenings-aangeleenthede:

Die Hoof
Finansiële Steundienste
Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
Faks: (018) 299 2194

1.6 VRYWARING

Hierdie is die enigste en amptelike gids ten opsigte van betaalbare gelde van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Alhoewel daar verskeie prospektusse in die voorafgaande jaar uitgereik was met betaalbare bedrae, sal die bedrae in hierdie gids gebruik word om studenterekeninge saam te stel.

Alle gelde wat in hierdie gids verskyn, word jaarliks aangepas. Hoewel die inligting wat in hierdie gids verskyn so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en Senaat geen aanspreeklikheid vir foutiewe inligting wat hierin mag voorkom nie.

Die Engelse benamings van die verskillende modules in die onderstaande tabel is slegs vir doelmatigheid en beteken nie noodwendig dat die modules ook deur medium van Engels aangebied word nie.

1.7 WEBADRES

Die gids is ook op die web beskikbaar by
<http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/fad/BGxFR2011.pdf>

2 BETAALBARE GELDE

2.1 NAVRAE

Navrae in verband met studenterekeninge kan gerig word aan die personeel by studenterekeninge in die betaalsaal op die grondvloer van die Joon van Rooy-gebou.

Tel: (018) 299 2667/ 2668/ 2669/ 2670/ 2671/ 2672/ 2673
Faks: (018) 293 5230/ 5234/ 5252/ 5255/ 5313/ 5314/ 5315
E-pos: PUK-studyfees@nwu.ac.za

Die navrae by bogenoemde telefoonnummers kan soms geweldige hoë volumes bereik. U kan ook skakel na die Universiteit se skakelbord by (018) 299 1111 of 299 2222.

2.2 BEDRAE BETAALBAAR

2.2.1 Aansoekgelde

Nuwe studente moet aansoek doen om toelating tot die Noordwes-Universiteit en die bedrag van R150 moet die aansoek vergesel. Die bedrag is nie terugbetaalbaar nie en sal ook nie op die student se rekening verskyn nie.

SLEGS vir die doel kan u 'n direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling maak in die Noordwes-Universiteit se bankrekening by ABSA. Die rekeningnaam is “**NWU DIVERSE**” en die rekeningnommer is 670-642-313 met taknommer 632-005. **Die belangrikste egter is u verwysing. Gebruik asseblief die letter A tesame met die voornemende student se ID nommer as verwysing vir ons bankrekening soos byvoorbeeld A8804151234081.**

2.2.2 Registrasiegeld

Alle studente moet die jaarlikse registrasiegeld, soos gelys onder punt 7, betaal. Die bedrag is **nie terugbetaalbaar** nie, kwalifiseer nie vir personeelafslag nie en kan ook nie maandeliks afbetaal word nie.

Buitelandse studente moet die volle bedrag van hul voorgenome studie- en verwante kostes aan die Universiteit, vooruit betaal voordat registrasie gefinaliseer kan word.

Enige student wat van eksamengeleenthede in die buiteland wil gebruik maak sal 'n addisionele bedrag, soos gelys onder punt 7, per module moet betaal vir die eksamengeleenthede buite die RSA.

Studente bly daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat die waarde van enige buitelandse deposito gelyk is aan die waarde van die vereiste betaling in Suid-Afrikaanse valuta, en neem kennis dat die bankkoste van die valuta transaksie vir die rekening van die student self is.

2.2.3 Klasgeld

Klasgelde bestaan uit twee komponente. Die eerste is **modulekoste**, en dit word bepaal deur die spesifieke modules waarvoor 'n student registreer. Die tweede komponent is 'n **kwalifikasieprogramkoste**. Die heffing is 'n aanpassing wat die Universiteit maak aan die totale koste vir die spesifieke graad om sodoende die waarde van die kwalifikasieprogram korrek te reflekteer, beide wat betref die kwalifikasieprogram se markwaarde en die aansprake op die Universiteit infrastruktuur deur die spesifieke kwalifikasieprogram.

Voorgraadse en honneursgraad-klasgeld is dus betaalbaar teen 'n **tarief per module** waarvoor 'n student ingeskryf is plus die **kwalifikasieprogramkoste**.

Meesters- en doktorsgraadkwalifikasies is egter betaalbaar teen slegs 'n **tarief per kwalifikasie** waarvoor die student ingeskryf is want die kwalifikasieprogramkoste is reeds ingesluit by die tarief per kwalifikasie.

Indien 'n student modules herhaal en gevolglik die studietydperk vir die kwalifikasie oorskry, sal die betrokke module(s) plus die jaarlikse kwalifikasieprogramkoste gehef word. Studente wat modules deur Unisa doen, sal die NWU-registrasiegeld sowel as die toepaslike kwalifikasieprogramkoste moet betaal.

Die volledige lys van klasgelde vir modules en kwalifikasies word geag deel van hierdie dokument te wees kragtens die leerstuk van inkorporasie deur verwysing, en is tydens registrasie in die betaalsaal van die Joon van Rooy-gebou beskikbaar. Hierdie klasgelde vorm 'n integrerende deel van die Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2011.

'n Student kan in enige studiejaar, buiten die vereiste modules van die betrokke program, bykomende modules neem teen betaling van normale klasgelde en met die toestemming van die dekaan, ooreenkomstig die toepaslike fakulteitsreëls.

2.2.4 Losiesgeld

By aansoek om toelating tot 'n koshuis is aansoekgeld van R 500 asook 'n R 1,000 ter bevestiging van die koshuisinwoning in die geval van eerstejaarstudente, betaalbaar (Sien punt 4 – algemene inligting in verband met koshuise).

Dit is verpligtend dat alle koshuis eerstejaarstudente tydens die Ontvangs- en Bekendstellings-program alle etes moet neem. Die koste van hierdie etes sal eenmalig, aan die einde van Februarie, teen die student se Klas- en losiesgeld rekening gedebiteer word.

Losiesgeld vir 2011 word gelys onder punt 6.

2.2.5 Ander gelde

Ander gelde waarvoor studente gehef kan word, word gelys onder punt 7.

2.2.6 Internet gelde

Die Universiteit behou die reg voor om met die nodige kennisgewing die huidige gebruik van Internet en ander dienste vanaf 'n kredietstelsel na 'n suiwer kontantstelsel te wysig. Internetfooie word gelys onder klousule 7, spesifiek punt 10.

2.2.7 Eterekening

Etes word streng op 'n kontantbasis by die Universiteit hanteer. Dit beteken dus dat u slegs dit wat u op u eterekening inbetaal, beskikbaar het; geen krediet word dus meer vir etes verleen nie!

Dit is dus belangrik dat studente seker maak dat daar voldoende kontant op hul Eterekening is vir aankope. Etes, bereken teen R 70 per dag vir 170 akademiese dae, beloop ongeveer R 11,900 per jaar of R 1,400 per maand. ***Hierdie is slegs 'n aanduiding!***

Etes in koshuiseetsale kan slegs deur middel van die universiteitskaart genuttig word. Studente betaal slegs vir etes wat wel geneem word. Etes en snoeperye kan ook in die kafeteria deur middel van die universiteitskaart aangekoop word. Behalwe vir etes, mag daar net kampusgoedgekeurde items op die universiteitskaart gekoop word, soos bv. PUK-dagboeke, PUK-rugbytruie, eerstejaarsdineekaartjies of toegangskaartjies na goedgekeurde studentefunksies.

'n Direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling kan gemaak word in enigeen van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings by **ABSA, Eerste Nasionale Bank, Nedbank** of **Standard Bank**. By ABSA se Rekeningbetalings, ENB se Public Recipients, Nedbank se Bank-approved beneficiaries of Standard Bank se Companies moet die rekeningnaam "**NWU VENDING**" vanuit u bank se lys van begunstigdes gekies word. Slegs die 8-syfer-universiteitsnommer sal as begunstigdeverwysing aanvaar word. Indien u sou verkies om wel 'n betalingsbewys te stuur, faks dit na (018) 293 5210 of e-pos dit na

PUK-bankdeposit@nwu.ac.za

Die onderskeie rekeningnommers is:

• ABSA	40-7010-0351	tak 632-005
• ENB	6216-191-6849	tak 240-438
• Nedbank	1713-378-558	tak 171-338
• Standard Bank	33-038-243-8	tak 052-838



NWU VENDING is dus uitsluitlik vir die kontant-etestelsel bedoel terwyl **NWU STUDENT** vir Klas-, losies en ander geld bedoel is.

Betalings kan ook steeds by die **kassier in die Joon van Rooy-gebou** vanaf 08:00 tot 15:30 weksdae gedoen word.

2.2.8 Maksimum klasgeldtydperke

2.2.8.1 Voorgraads en honneursgrade

Die maksimum klasgeldtydperk is die tydperk waarop die betaalbare gelde vir alle voorgraadse kursusse, nagraadse diplomas en honneursgrade bereken word. Kursusse se studietydperk verkil van kwalifikasie tot kwalifikasie en daar word jaarliks 'n kwalifikasieprogramkoste per kursus gehef. Indien 'n student die maksimum klasgeldtydperk van 'n spesifieke kursus oorskry, sal daar wel in die oorskrydingsjare ook 'n volle kwalifikasieprogramkoste gehef word, ongeag die aantal modules waarvoor geregistreer word in die oorskrydingsjare.

Hierdie maksimum klasgeldtydperke moet nie met enige van die Akademiese Reëls verwar word nie!

2.2.8.2 Meesters- en doktorsgrade

Klasgeld vir meesters- en doktorsgraadkwalifikasies word per kwalifikasie per jaar gehef, met die uitsondering van MBA, MTh, en die Nagraadse Diploma in Bestuur, wat per geregistreerde module gehef word.

Die maksimum klasgeldtydperk waarop die betaalbare gelde bereken word, is 2 jaar vir meestersgrade en 3 jaar vir doktorsgrade.

Weer eens, hierdie maksimum klasgeldtydperke moet nie met enige van die Akademiese Reëls verwar word nie!

Die implikasie van die oorskryding van die klasgeldtydperk is dat 'n meesters- en doktorsgraadstudent in elke oorskrydingsjaar weer registrasie en die volle klasgelde sal moet betaal.

Alle pyplyn-meesters- en -doktorsgraadstudente van wie klasgeld op die vorige model gehef is, sal op die vorige model bly tot voltooiing van hul ingeskrewe meesters- en doktorsgraadstudies. Indien dié

pyplynstudente hul onderskeie klasgeldtydperke van 3 jaar vir meestersgrade en 4 jaar vir doktorsgrade oorskry, sal klasgeld in elk van hul oorskrydingsjare volgens die nuwe model gehef word.

2.2.9 Verkeersboetes

Studente wat versuim om hul boetes wat ingevolge die Universiteit se amptelike verkeersreglement opgelê is, binne die voorgeskrewe tydperk te betaal by die kantore van Beskermingsdienste, verleen toestemming dat Beskermingsdienste hul universiteitsrekening daarmee mag debiteer. Navrae in verband met verkeersboetes kan gerig word aan Beskermingsdienste by (018) 299 4402.

2.2.10 Verlies of beskadiging van biblioteekmateriaal

'n Student dra die uitsluitlike verantwoordelikheid om alle uitleenmateriaal vanaf die Biblioteek stiptelik by die verstryking van die uitleenperiode aan die Biblioteek terug te besorg in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit geleen is. Enige verlies van, of skade aan, uitleenmateriaal sal van die student verhaal word. Indien 'n student versuim om na kennisgewing deur die Biblioteek aan die student die betrokke materiaal terug te besorg of die vervangings- of herstelkoste daarvan te betaal, na gelang van die geval, verleen die student toestemming dat die toepaslike koste teen sy/haar universiteitsrekening gedebiteer word.

2.3 BETALINGSVOORWAARDES

2.3.1 Betalingsopsies

Persoonlik by die kassier vanaf 08:00 tot 15:30 (Maandag tot Vrydag). Betalings kan geskied deur middel van kontant, tjek, posorder, debiet- of kredietkaart.

Per tjek of posorder uitgemaak aan die **Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)** met die **student se universiteitsnommer** agterop tjek of posorder aangebring, gestuur aan: Die Kampusregistrator, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520. Tjeks moet gekruis en duidelik gemerk word "**Nie verhandelbaar nie**" en "**Nie oordraagbaar nie**".

'n Direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling kan gemaak word in enigeen van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings by **ABSA, Eerste Nasionale Bank, Nedbank** of **Standard Bank**. By ABSA se Rekeningbetalings, ENB se Public Recipients, Nedbank se Bank-approved beneficiaries of Standard Bank se Companies moet die rekeningnaam "**NWU STUDENT**" vanuit u bank se lys van begunstigdes gekies word. Slegs die 8-syfer-universiteitsnommer sal as begunstigdeverwysing aanvaar word. Indien u sou verkies om wel 'n betalingsbewys te stuur, faks dit na (018) 293 5210 of e-pos dit na PUK-bankdeposit@nwu.ac.za

Die onderskeie rekeningnommers is:

- ABSA 40-7009-9350 tak 632-005
- ENB 6216-190-7335 tak 240-438
- Nedbank 1713-378-531 tak 171-338
- Standard Bank 33-038-446-5 tak 052-838.



NWU STUDENT is dus uitsluitlik vir Klas-, losies en ander geld terwyl **NWU VENDING** slegs vir die kontant etestelsel bedoel is.

Betalings kan ook steeds by die **kassier in die Joon van Rooy-gebou** vanaf 08:00 tot 15:30 weksdae gedoen word.

2.3.2 Minimum eerste betaling

2.3.2.1 Eerstesemester-registrasie

Die volgende bedrae is tydens registrasie betaalbaar:

	Koshuis	Dorp	Af-kampus
Eerste betaling op klasgeld	4,400	4,400	4,400
Eerste betaling op losiesgeld	4,000	-	-
Etes tydens O&B* (Verpligtend vir koshuis eerstejaars)	700	-	-
Registrasiegeld	1,000	1,000	1,000
Totaal voor kontant vir etes	R 10,100	R 5,400	R 5,4000
Aanbevole inbetaling vir etes (Februarie & Maart 2011)**	2,100	2,100	-
Totaal insluitende kontant vir etes	R 12,200	R 7,500	R 5,400

* Ontvangs- en bekendstellingsprogram vir 1ste jaars. Dorpstudente eerstejaars moet self vir etes voorsien.

** Etes teen R 70/dag vir 170 akademiese dae = R 11,9000/jaar of R 1,400/maand. **Hierdie is slegs 'n aanduiding!**

2.3.2.2 Tweedesemester-registrasie

Voorgraadse studente wat slegs vir modules van die tweede semester wil registreer, moet voor of op 31 Julie registreer en die volle rekening vir klas- en losies- en ander geld is by registrasie betaalbaar.

2.3.2.3 Nagraadse registrasie

Herregistrasie vir meesters- en doktorsgrade asook nuwe aansoeke vir registrasie moet voor 31 Maart jaarliks geskied. Registrasie ná dié datum sal 'n laatregistrasieheffing van R500 tot gevolg hê.

Potchefstroom Besigheidskool se MBA-studente betaal ook jaarliks tydens registrasie R2,900 en die Nagraadse Diploma in Bestuur-studente R500 vir toelating tot die skool. Beide die bedrae is nie terugbetaalbaar nie.

Alle gestruktureerde LLM-studente betaal 'n eenmalige nie-terugbetaalbare heffing van R1,600 vir toelating tot die program.

2.3.3 Uitstel vir betaling van minimum eerste betalings

2.3.3.1 Beursstudente

Indien 'n student se studies deur middel van 'n beurs gefinansier word, moet die skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie aan die Invorderingsafdeling voorgelê word. Die skriftelike bewys moet 'n uiteensetting gee van waarvoor die beursbedrae aangewend mag word, asook wanneer die uitbetaling daarvan sal geskied.

2.3.3.2 Studies gefinansier deur lenings

Indien 'n student se studies deur middel van 'n lening gefinansier word, moet die skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie aan die Invorderingsafdeling voorgelê word. Die studente moet ook binne 14 kalenderdae na registrasie die minimum eerste betaling oorbetal aan die Universiteit en daarna maandeliks stiptelik hul verpligtinge teenoor die Universiteit nakom om sodoende die rekening soos alle ander studente teen 31 Julie te vereffen.

Die Invorderingsafdeling van die Universiteit kan telefonies gekontak word by (018) 299-2662/ 2663/ 2664 of per e-pos by PUK-invorder@nwu.ac.za

2.3.4 Vereffening van universiteitsrekening

Klas- en losiesgeld kan ten volle aan die begin van die jaar vereffen word. U sal dan ook kan aansoek doen vir vroeëbetaling-korting. Sien 2.3.5 in dié verband.

Die Universiteit bied dan ook die alternatief dat klas- en losiesgeld in paaielemente afbetaal kan word deur betaling van die minimum eerste bedrag tydens registrasie. Volgens hierdie opsie is die klas-en losiesgeld streng in maandelikse paaielemente betaalbaar. Maandelikse paaielemente word bereken deur die verskuldigde saldo ná registrasie te neem, ongeag enige vooruitbetalings, en dit te verdeel oor die oorblywende maande tot einde Junie. Hierdie paaielemente word aangedui op die maandelikse rekeningstate, en is betaalbaar binne dertig dae ná die rekeningstaatdatum, **met 'n finale betaling ter volle vereffening voor of op 31 Julie**. Indien daar nie by die paaielemente gehou word nie, word rente bereken op alle agterstallige paaielemente. Rekeningstate begin op die 1ste van die maand en eindig altyd op die laaste dag van die maand.

Die bedrag van R500 wat betaal is vir 'n aansoek om toelating tot die koshuis, asook die R1,000 ter bevestiging van die koshuisinwoning in die geval van eerstejaarsstudente, word jaarliks gedurende Maart teen die betrokke student se klas- en losiesgeldrekening gekrediteer.

Ander gelde is streng binne dertig dae ná die rekeningstaat datum betaalbaar.

In die geval waar 'n student agterstallig raak met enige bedrag ooreenkomstig bogenoemde betalingsvoorwaardes, sal die Universiteit rente op sodanige agterstallige bedrae hef.

2.3.5 Vroeëbetaling-korting

Vol vereffening van 'n jaar se klas- en losiesgeld, en nie slegs die vereffening van die een of die ander nie maar beide, laat u kwalifiseer vir 'n vroeëbetalingskorting van 2,5% op die klas- en losiesgeld. Geen afslag is van toepassing op enige ander gelde nie.

Daar moet jaarliks voor 31 Maart skriftelik vir die korting aansoek gedoen word hersy deur 'n faks te stuur na (018) 293 5230/ 5234/ 5252/ 5255/ 5313/ 5314/ 5315 of e-pos na PUK-studyfees@nwu.ac.za

Korting is slegs van toepassing op die huidige jaar en **nie terugwerkend nie!** Die korting sal slegs toegestaan word indien die skuld ten volle vereffen word en reeds teen die laaste dag van Maart in die

Universiteit se bankrekening reflekteer word. Slegs beurse, losiesdeposito's en ander krediete wat **reeds** teen die laaste dag van Maart op die Klas- en losiesgeldrekening reflekteer word, sal in ag geneem word vir dié korting.

2.3.6 Personeelafslag

Permanente personeel van die Noordwes-Universiteit asook vastetermynaanstellings met volle byvoordele is geregtig op personeelafslag op **klasgelde** op die voorwaardes soos uiteengesit in die Universiteit se Diensvoorwaardes, klousule 7.4. Tydlike personeel en vastetermynaanstellings sonder byvoordele is hiervan uitgesluit. Registrasiegelde en bykomende heffings kwalifiseer nie vir personeelafslag en kan ook nie in maandelikse paaielemente afbetaal word nie.

Aansoekvorms is beskikbaar by <http://www.puk.ac.za/fad/personeelafslag.html>

Personeelafslag sal slegs vir die huidige finansiële jaar toegestaan word. Indien daar dus nie in 'n betrokke voorafgaande jaar vir personeelafslag aansoek gedoen is nie, sal geen afslag terugwerkend toegestaan word nie. Geen afslag sal byvoorbeeld vir 2010-klasgelde sal in 2011 toegestaan word nie.

Navrae in verband met personeelafslag op klasgelde kan gerig word aan Studente Administratiewe Stelsels by (018) 299-4884/5, faks 0866133368 of e-posse na corlia.debeer@nwu.ac.za of ilse.nel@nwu.ac.za

2.3.7 Kredietbedrae op 'n universiteitsrekening

Wanneer daar 'n krediet op 'n universiteitsrekening ontstaan, kan daar op die voorgeskrewe vorm aansoek gedoen word dat die kredietbedrag uitbetaal word per tjek of direkte oorplasing, maar **geen** krediet sal in kontant uitbetaal word nie.

Kredietsaldo's op studenterekenings kan slegs uitbetaal word teen aanvaarbare bewys van die student se identiteit. Uitbetalings aan enige ander persoon as die student kan slegs geskied teen skriftelike magtiging deur die student op die voorgeskrewe vorm wat by die navraetoonbanke beskikbaar is, asook aanvaarbare bewys van die identiteit van die student. Bogenoemde prosedure word deur die toepaslike wetgewing en interne beheermaatreëls genoodsaak.

Waar kredietbedrae ontstaan weens betalings van beurse of lenings van buite die Universiteit, sal die kredietbedrae slegs na voorlegging van die betrokke beurs- of leningskontrak en skriftelike goedkeuring vanaf die beurs- of leningsgewer gemaak word.

Amptelike aansoekvorms vir kredietuitbetalings is beskikbaar by die toonbanke van studentrekeningnavrae, of dit kan per e-pos aangevra word by PUK-studyfees@nwu.ac.za, of dit kan van ons webblad verkry word by die skakel <http://www.puk.ac.za/fad/kredietuitbetaling.html>. Die vorm moet volledig en akkuraat ingevul word en ook self deur die student goedgekeur word vir die uitbetaling van krediete en die NWU kan nie aanspreeklik gehou word vir foutiewe inligting soos voorsien op die aansoekvorms nie. Let op die spertyd vir indiening van aansoeke asook wagtydperke vir uitbetalings. 'n Standaardheffing sal op die student se rekening gehef word vir elke tjek wat uitgereik word vir die doel.

2.3.8 Verantwoordelikheid vir nakoming van betalingsvoorwaardes

Dit is die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat die betalings-voorwaardes, soos omskryf, nagekom word, ongeag of sy gelde deur middel van 'n lening of beurs gefinansier word. Indien 'n student agterstallig is met die betaling van sy rekening, ongeag of hy 'n reëling met die Universiteit getref het, sal die Universiteit rente hef op agterstallige bedrae teen 4% bokant die prima-uitleenkoers van die Universiteit se amptelike bankiers. Hierdie rentekoers is laer as die statutêre rentekoers soos deur die Nasionale Kredietwet ten opsigte van insidentele kredietooreenkomste neergelê.

Rekenings ten opsigte van klas-, losies- en ander geld word aan die studente of hul ouers gestuur. Geen rekening word direk aan die beursinstansie gestuur nie.

Elektroniese rekeninge kan vanaf die Universiteit se webblad onttrek word deur in te teken by http://www.nwu.ac.za/admin/index_a.html. Kies dan **Rekeningnavrae** onder **Finansiële Navrae** en **Onttrek inligting**. 'n Wagwoord sal aanlyn aan die student uitgereik word wat benodig word om toegang tot die stelsel te verkry.

2.3.9 Nie-nakoming van betalingsvoorwaardes

'n Student wat nie aan hierdie reëlings kan voldoen nie, moet vooraf met die Hoof: Invorderings ander reëlings tref vir die betaling van die voorgeskrewe gelde, met dien verstande dat **die finale paaielement op 31 Julie betaalbaar** is. Indien die gelde nie op die vasgestelde tye of op die tye soos andersins gereël betaal is nie, kan die Universiteit een of meer van die volgende maatreëls toepas:

- deaktivering van die student se universiteitskaart;
- weiering van toegang tot lesings;
- weerhouding van toegang tot eksamens;

- nie-uitreiking van eksamenuitslae, diploma- en graadsertifikate;
- weiering van registrasie as student;
- uitsluiting van universiteitskoshuise;
- oorhandiging aan die Universiteit se prokureurs of invorderaars vir invordering;
- van die verskuldigde bedrag, in welke geval die student ook aanspreeklik sal wees vir rente en regskostes op prokureur- en eie kliënteskaal.

Die student stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof indien die Universiteit 'n aksie voortspruitend hieruit teen die student wil instel, maar dit verhoed nie die Universiteit om steeds en na sy eie uitsluitlike goeddunke 'n aksie of aansoek in die Hooggeregshof in te stel teen die student indien die Universiteit dit so sou verkies nie.

Indien krediet toegestaan word, is die Universiteit geregtig daarop om inligting wat betrekking het op die wanbetaling van 'n universiteitsrekening, by die kredietburo('s) op rekord te plaas.

Alle rekenings aan die Universiteit se prokureurs oorhandig vir invordering kan slegs by die prokureur betaal word. Die Universiteit ontvang geen geld ten opsigte van rekenings wat vir invordering aan die prokureurs oorhandig is nie. Waar rekenings reeds oorhandig is, bly die skuldenaar verantwoordelik vir alle invorderingskoste.

3 KANSELLASIE OF WYSIGING VAN STUDIE

3.1 PROSES BY KANSELLASIE VAN STUDIE

U kennisgewing van kansellasie van studie of enkele kursusmodules moet op die amptelike kansellasievorm geskied wat by Departement Akademiese Administrasie se fakulteitstoonbanke in die betaalsaal op die grondvloer van die Joon van Rooy-gebou verkrygbaar is.

Indien kennis van kansellasie per brief geskied, moet dit per *geregistreerde pos* aan die Kampusregistrator gerig word, in welke geval die datum van ontvangs as amptelike kansellasiedatum aangeteken sal word.

Die kansellasie is geldig vanaf die datum van behoorlike indiening van die kansellasievorm by Departement Akademiese Administrasie of vanaf die datum van die ontvangs van die geregistreerde posstuk deur die Kampusregistrator.

Die Kampusregistrator of Departement Akademiese Administrasie sal Finansiële Administrasie: Inkomste dienooreenkomstig inlig rakende die kansellasie.

3.2 BETAALBARE GELDE BY KANSELLASIE VAN STUDIE

Indien 'n kampusstudent voor 19 Februarie, en 'n afstandstudent voor 12 Maart, sy/haar studie kanselleer, is slegs die registrasie- en minimum klasgelde betaalbaar, soos hierbo uiteengesit. Indien 'n kampusstudent na 19 Februarie, en 'n afstandstudent na 12 Maart, sy/haar studie kanselleer, is die volle klasgeld vir die eerste semester betaalbaar.

Indien 'n student sy/haar studie vir die tweede semester voor 30 Julie kanselleer, is slegs die eerste semester se klasgeld betaalbaar. Indien 'n student sy/haar studie na 30 Julie kanselleer, is die volle jaar se klasgeld betaalbaar.

Indien 'n afstandstudent sy/haar studie voor 30 Julie kanselleer en die studiemateriaal reeds uitgereik is, is die gelde vir die studiemateriaal betaalbaar en R250 per module vir hanterings- en posgeld.

Indien 'n student sy/haar studie kanselleer, is alle beurse en/of lenings onmiddellik terugbetaalbaar.

3.3 VOORTGESETTE AANSPREEKLIKHEID BY SKORSING

In alle gevalle van oortreding en gevolglike tugstappe, wat kragtens die bepalings van die Universiteit Statuut en/of die Studente Dissiplinêre Reëls, die tydelike of permanente, algehele of gedeeltelike ontneming van regte en voorregte, ingryping in of die onderbreking of beëindiging van studies, of die nie-aanvaarding in 'n koshuis kan meebring, verbeur die betrokke student alle aanspraak op die terugbetaling, vermindering of kwytstelling van gelde wat aan die Universiteit betaal is of betaalbaar is. Alle beurse en/of lenings is ook onmiddellik terugbetaalbaar.

3.4 BETAALBARE GELDE BY WYSIGING VAN MODULES

Indien 'n student enige module(s) buite die geskeduleerde wysigingsperiode, wat jaarliks deur Akademiese Administrasie bepaal word, sou wysig, sal geen krediet ten opsigte van die gekanselleerde module(s) toegestaan word nie.

3.5 OOREENGEKOME ONDERBREKING VAN NAGRAADSE STUDIES

Indien 'n nagraadse student studies onderbreek, om welke rede ook al, sal die student by hervatting van studies steeds verantwoordelik gehou word vir al die studiekostes (registrasie-, klas- en ander gelde) van die betrokke periode waarvoor studie onderbreek is, TENSY die student vooraf goedkeuring by die betrokke fakulteit verkry het, wat bekragtig is deur 'n Fakulteitsraadsbesluit waarvan 'n aantekening op die student se rekord gemaak is.

3.6 AFSTERWE VAN INGESKREWE STUDENT

Volgens Universiteitsbeleid word geld wat reeds betaal is in die semester waarin 'n student te sterwe kom aan die student se boedel oorbetaal.

'n Gesertifiseerde afskrif van die doodsertifikaat van die student moet aan die studenterekeningeafdeling voorsien word by faksnommer (018) 293-5315 of per e-pos aan PUK-studyfees@nwu.ac.za, sodat die proses ter afsluiting van die afgestorwe student se rekening kan begin.

4 KOSHUISE

Volledige inligting insake koshuise is vervat in die Reglemente vir Inwoners van kampus- en dorpskoshuise en is op aanvraag by die Studentedekaan beskikbaar.

4.1 AANSOEK OM TOELATING TOT 'N KOSHUIS

